higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

LEWENSVAARDIGHEDE EN REKENAARGELETTERDHEID (IKT-KOMPONENT)

NKR VLAK 2

(Tweede vraestel)

(7601042)

28 Oktober 2024 (X-vraestel)
09:00–11:00

Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.

002Q2N2428

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
LEWENSVAARDIGHEDE EN REKENAARGELETTERDHEID
NKR VLAK 2
(Tweede vraestel)
TYD: 2 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees en beantwoord AL die vrae aandagtig.

2. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

3. Hierdie vraestel bestaan uit VYF vrae. Gebruik toepaslike programme vir ELKE antwoord en plaas alle DRUKSTUKKE in jou EKSAMENOMSLAG.

4. Die tyd wat vir die vraestel toegelaat word, sluit tyd vir leeswerk en drukwerk in.

5. Dit tyd wat aan die begin van elke afdeling aangedui is, is 'n riglyn om jou te help om die vraestel betyds te voltooi.

6. Dit is jou verantwoordelikheid om jou werk gereeld te stoor om verlies van ingesleutelde data tydens 'n kragonderbreking te voorkom. GEEN bykomende tyd sal toegelaat word om verlore werk oor te doen nie.

7. In die geval van 'n rekenaar- of drukkerweiering, sal die toesighouer die nodige reëlings tref sodat jy met die eksamen mag voortgaan en die werklike tyd wat verlore gegaan het, sal bykomend toegelaat word.

8. Die speltoetser mag gebruik word. Sakrekenaars mag NIE gebruik word nie.

9. Jou EKSAMENNOMMER en die SENTRUMNOMMER asook die weergawe van die programmatuur wat gebruik is om die vrae te beantwoord (bv. MS Office 2016), moet op die voorblad van die EKSAMENOMSLAG aangedui word.

10. Verseker dat elke DRUKSTUK die VRAAGNOMMER en die EKSAMENNOMMER vertoon soos aangedui is.

11. Handgeskrewe EKSAMENNOMMERS is nie aanvaarbaar nie.

12. Punte sal NIE vir DRUKSTUKKE sonder 'n gedrukte EKSAMENNOMMER toegeken word nie.

Kopiereg voorbehou

13. DRUKSTUKKE wat nagesien moet word moet in dieselfde volgorde as dié van die vrae in die VRAESTEL in die EKSAMENOMSLAG geplaas word. Slegs EEN DRUKSTUK per vraag mag ingedien word.

14. Elke antwoord moet SLEGS op EEN kant van 'n afsonderlike vel papier gedruk word.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: WOORDVERWERKING

VRAAG 1 TYD: 20 MINUTE

Verslawing aan middels, dwelms en medikasie word as die grootste bedreiging vir studente in Suid-Afrika beskou. Jy word uitgenooi om 'n seminaar oor die invloed van verslawing, wat deur die Verteenwoordigende Studenteraad van die kollege aangebied word, by te woon.

1.1 Gebruik Microsoft Word om die dokument soos hier onder aangedui is, in te sleutel. (4)

1.2 As 'n kopskrif, sleutel jou EKSAMENNOMMER (linksbelyn) en VRAAG 1 (regsbelyn) in. (3)

1.3 Gebruik lettertipe Gadugi, grootte 12. (2)

1.4 Voeg vandag se datum in soos aangedui is. (1)

1.5 Laat reëlspasies tussen die paragrawe oop soos aangedui is. (1)

1.6 Formateer die opskrif om, soos aangedui is, in kursief en vetdruk te verskyn. (2)

1.7 Stoor die dokument as VRAAG 1 volgens die kollege se eksamenregulasies.

1.8 Druk die dokument op EEN A4-portretblady en plaas die drukstuk in jou EKSAMENOMSLAG. (2)

[15]

EKSAMENNOMMER

Voeg 'n kopskrif in

VRAAG 1

Lettertipe: Gadugi, grootte 12

Phalaborwa Kollege
H/v Kerkstraat en Georgestraat
PHALABORWA
1389

Vandag se datum ingevoeg

Geagte Studente

Onderwerp: Uitnodiging na 'n seminaar oor middelmisbruik ← **Opskrif: Kursief, vetdruk**

Die Departement van Gesondheid gaan die kollege besoek om studente oor die misbruik van middels in te lig. Die besluit is beïnvloed deur die vinnige styging in die aantal gevalle van middelmisbruik en die gepaardgaande las op gesondheid en die sosio-ekonomiese situasie in Suid-Afrika.

Onthou, middelmisbruik dra by tot gesondheidsverwante toestande soos sterftes, beserings, geweld, MIV/VIGS, tuberkulose en chroniese siektes soos kardiovaskulêre siekte, kanker en geestesteurings.

Bywoning sal jou help om soveel moontlik te leer om sulke situasies te vermy en dit sal jou help om 'n vriend wat reeds in gevaar is, te ondersteun.

DATUM: 31 Oktober 2024
TYD: 09:00
PLEK: Kollege Ouditorium

Ek sien daarna uit om jou daar te sien!

Die uwe
Mnr. TP Thulo (VSR-PRESIDENT)
PHALABORWA KOLLEGE

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2 **TYD: 25 MINUTE**

Maak die dokument oop wat as VRAAG 1 gestoor is en redigeer dit volgens die instruksies hier onder:

2.1 Verander die vraagnommer in die kopskrif van VRAAG 2. (1)

2.2 Gebruik die Tab-sleutel om die adres en die datum, soos aangedui is, regs in te keep. (2)

2.3 Onderstreep en sentreer die opskrif. (2)

2.4 Verander die kas van die opskrif na bokas. (1)

2.5 Regsbelyn paragraaf 2 ('Onthou, middelmisbruik dra by tot ... geestesteurings.') en verander die teks na kursief. (2)

2.6 Gebruik dubbele onderstreping onder die woord, 'ondersteun', in paragraaf 3 ('Bywoning sal jou help ... ondersteun.') soos aangedui is. (1)

2.7 Voeg alle nuwe teks in soos aangedui is. (5)

2.8 Voeg 'n genommerde lys in soos aangedui is. (1)

2.9 Formateer die logistiek vir die funksie (Datum, Tyd en Plek) na kursief en vetdruk. (2)

2.10 Skrap die frase 'PHALABORWA KOLLEGE' in die laaste reël soos aangedui is. (1)

2.11 Stoor die dokument as VRAAG 2 volgens die kollege se eksamenregulasies.

2.12 Druk die dokument op EEN A4-portretblady en plaas die drukstuk in jou EKSAMENOMSLAG. (2)

[20]

EKSAMENNOMMER

Verander VRAAG 1 na VRAAG 2

VRAAG 2

Gebruik die Tab-sleutel om na regs in te keep

Phalaborwa Kollege
H/v Kerkstraat en Georgestraat
PHALABORWA
1389

Vandag se datum

Geagte Studente

Opskrif: Onderstreep, sentreer, bokas

ONDERWERP: UITNODIGING NA 'N SEMINAAR OOR MIDDELMISBRUIK

Die Departement van Gesondheid gaan die kollege besoek om studente oor die misbruik van middels in te lig. Die besluit is beïnvloed deur die vinnige styging in die aantal gevalle van middelmisbruik en die gepaardgaande las op gesondheid en die sosio-ekonomiese situasie in Suid-Afrika.

Onthou, middelmisbruik dra by tot gesondheidsverwante toestande soos sterftes, beserings, geweld, MIV/VIGS, tuberkulose en chroniese siektes soos kardiovaskulêre siekte, kanker en geestesteurings.

Paragraaf 2: R/B, kursief

Bywoning sal jou help om soveel moontlik te leer om sulke situasies te vermy en dit sal jou help om 'n vriend wat reeds in gevaar is, te ondersteun.

Dubbele onderstreping: 'ondersteun'

Die spreker sal die volgende vrae/onderwerpe hanteer en pamflette versprei:
1. Wat is verslawing?
2. Die verskillende tipes verslawing
3. Hoe kan 'n mens weet dat iemand verslaaf is?
4. Die invloed van verslawing
5. Organisasies wat jou kan help

Voeg nuwe teks & genommerde lys in

DATUM: 31 Oktober 2024
TYD: 09:00
PLEK: Kollege Ouditorium

Kursief, vetdruk

Ek sien daarna uit om jou daar te sien!

Die uwe
Mnr. TP Thulo (VSR-PRESIDENT)
PHALABORWA KOLLEGE

Skrap

TOTAAL AFDELING A: 35

AFDELING B: SIGBLAAIE

VRAAG 3 **TYD: 20 MINUTE**

Dwelmmisbruik beïnvloed baie studente direk of indirek. Bestudeer die data oor die verbysterende aantal studente wat by die We Care Alcohol and Drug Centre toegelaat word en die aansienlike koste van die behandeling wat hulle ontvang.

3.1 Gebruik Microsoft Excel om 'n sigblad te skep met die inligting wat hier onder verskaf is. MOENIE die ry- en kolomopskrifte (rame) insleutel nie. Dit is slegs ingevoeg om aan te dui watter selle gebruik moet word. (5)

3.2 As 'n kopskrif, sleutel VRAAG 3 (linksbelyn) en jou EKSAMENNOMMER (regsbelyn) in. (3)

3.3 Gebruik die lettertipe, Goudy Old Style, grootte 11. (2)

3.4 Laat reëls oop soos aangedui is. (1)

3.5 Verstel die kolomwydte waar nodig om te verseker dat al die inligting duidelik sigbaar is en op EEN A4-portretbladsy inpas. (2)

3.6 Stoor die sigblad as VRAAG 3 in ooreenstemming met die kollege se eksamenregulasies.

3.7 Druk die sigblad SONDER ry- en kolomopskrifte in landskaporiëntasie op EEN A4-portretbladsy en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG. (2)

[15]

Kopiereg voorbehou

Kopskrif: VRAAG 3, linksbelyn

Kopskrif: Eksamennr, regsbelyn

VRAAG 3

EKSAMENNOMMER

Lettertipe: Goudy Old Style, grootte 11

	A	B	C	D	E
1	WE CARE ALCOHOL AND DRUG CENTRE				
2	HAMILTONSTRAAT 100				
3	KAAPSTAD				
4	8001				
5			**Laat reël oop**		
6	TOELATINGSDATUM: 21 OKTOBER 2024				
7			**Laat reël oop**		
8	PASIËNT-	SAAL	AANTAL	AANTAL	PRYS
9	LEIER		PASIËNTE	DAE	PER DAG
10					PER PERSOON
11	John	A123	6	4	R200,00
12	Tom	B234	10	7	R350,00
13	Jerry	C345	8	5	R250,00
14	Punt	D456	12	7	R350,00
15	Sam	E103	9	6	R300,00
16	Gert	F234	7	4	R150,00
17	Sipho	G345	11	7	R350,00
18	Thato	H456	13	7	R350,00

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4 **TYD: 30 MINUTE**

Maak die sigblad oop wat as VRAAG 3 gestoor is en bring die volgende veranderinge aan.

4.1 Verander VRAAG 3 na VRAAG 4. (1)

4.2 Verander die lettertipe van die hoofopskrif na Forte, grootte 20. (2)

4.3 Voeg saam (merge) en sentreer die hoofopskrif oor sel A1 tot H1. (1)

4.4 Voeg 'n subopskrif, 'TOELATINGSDATUM', met al die gepaardgaande inligting in ry 6 in. (2)

4.5 Voeg die nuwe kolomme, soos aangedui is, in (BRUTO BEDRAG BETAALBAAR, TOELATINGSFOOI 10% en NETTO BEDRAG BETAALBAAR). (5)

4.6 Formateer die kolomopskrifte na vetdruk en regsbelyn. (2)

4.7 Voeg die formules in waar die alfabetletters verskyn om elk van die volgende te bereken:

A BRUTO BEDRAG BETAALBAAR = AANTAL PASIËNTE maal die AANTAL DAE maal die PRYS PER DAG PER PERSOON. (1)

B TOELATINGSFOOI 10% = BRUTO BEDRAG BETAALBAAR maal met 10%. (1)

C NETTO BEDRAG BETAALBAAR = BRUTO BEDRAG BETAALBAAR minus TOELATINGSFOOI 10%. (1)

D TOTALE BEDRAG = Bereken die som van kolom G (TOELATINGSFOOI 10%) en kolom H (NETTO BEDRAG BETAALBAAR). (2)

4.8 Vertoon die waardes in Kolom F, G en H as geldeenheid met TWEE desimale. (2)

4.9 Voeg die horisontale en vertikale strepe in soos in die sigblad aangedui is. (1)

4.10 Verstel die kolombreedtes waar nodig om te verseker dat al die inligting duidelik sigbaar is en op EEN A4-landskapbladsy inpas. (2)

4.11 Stoor die sigblad as VRAAG 4 in ooreenstemming met die kollege se eksamenregulasies.

4.12 Druk die sigblad SONDER ry- en kolomopskrifte in landskaporiëntasie op EEN A4-landskapbladsy en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG. (2)

[25]

Kopiereg voorbehou

Verander VRAAG 3 na VRAAG 4.

VRAAG 4 EKSAMENNOMMER

	A	B	C	D	E	F	G	H
1	**Hoofopskrif: Lettertipe; Forte, grootte 20**				**Hoofopskrif: Voeg saam en sentreer oor sel A1 tot H1**			
	WE CARE ALCOHOL AND DRUG CENTRE							
2	HAMILTONSTRAAT 100							
3	KAAPSTAD		**Voeg 'n subopskrif in Reël 6 in**			**Voeg nuwe kolomme in (F, G & H)**		
4	8001							
5								
6	TOELATINGSDATUM: 21 OKTOBER 2024							
7								
8	**PASIËNT-**	**SAAL**	**AANTAL**	**AANTAL**	**PRYS**	**BRUTO**	**TOELATINGS-**	**NETTO**
9	**LEIER**		**PASIËNTE**	**DAE**	**PER DAG**	**BEDRAG**	**FOOI**	**BEDRAG**
10					**PER PERSOON**	**BETAALBAAR**	**10%**	**BETAALBAAR**
11	John	A123	6	4	R200.00	A	B	C
12	Tom	B234	10	7	R350.00			
13	Jerry	C345	8	5	R250.00			
14	Punt	D456	12	7	R350.00			
15	Sam	E103	9	6	R300.00			
16	Gert	F234	7	4	R150.00			
17	Sipho	G345	11	7	R350.00			
18	Thato	H456	13	7	R350.00			
19								
20	TOTALE BEDRAG		**Voeg nuwe ry in**					D
21								

Kolom-opskrifte: Vetdruk en regsbelyn

Voeg formules in: A, B, C en D

TOTAAL AFDELING B: 40

AFDELING C: POWERPOINT

VRAAG 5 **TYD: 25 MINUTE**

Jy is onlangs tot die verteenwoordigende studenteraad (VSR) verkies en jy het 'n seminaar oor middelmisbruik bygewoon. Doen 'n aanbieding aan studente wat afwesig was om hulle oor verslawing, die invloed daarvan en die waarskuwingstekens oor verslawing in te lig.

5.1 Gebruik MS PowerPoint en sleutel die inligting hier onder akkuraat in: (3)

5.2 **SKYFIE 1: *TITLE SLIDE*** (1)

5.2.1 Gebruik lettertipe, Imprint MT Shadow, grootte 48 om die titel van die skyfie in te sleutel. (2)

5.2.2 Regsbelyn die titel. (1)

5.2.3 Sentreer die subopskrif. (1)

5.2.4 As 'n voetskrif, sleutel VRAAG 5 en jou EKSAMENNOMMER in en gebruik dit op ALLE skyfies. (2)

5.3 **SKYFIE 2: *TITLE AND CONTENT SLIDE*** (1)

5.3.1 Gebruik lettertipe Century Gothic, grootte 44, om die titel van die skyfie in te sleutel. (2)

5.3.2 Formateer die titel na bokas en onderstreep. (2)

5.3.3 Voeg 'n genommerde lys in soos aangedui is en vertoon die teks kursief. (2)

5.4 **SKYFIE 3: *COMPARISON SLIDE*** (1)

5.4.1 Voeg die genommerde lys in die linkerkolom in soos aangedui is en vertoon die teks in vetdruk. (2)

5.4.2 Voeg die genommerde lys in die regterkolom in en onderstreep die frases soos aangedui is. (2)

5.5 Gebruik die tema, Wood Type, in die aanbieding. (1)

5.6 Stoor die aanbieding as VRAAG 5 in ooreenstemming met die kollege se eksamenregulasies.

5.7 Druk die aanbieding as 'n UITDEELSTUK (*HANDOUT*) met DRIE skyfies op EEN bladsy. (2)

[25]

SKYFIE 1: *TITLE SLIDE*

Titel: Lettertipe: Imprint MT Shadow, grootte 48, regsbelyn

WAT IS VERSLAWING?

Subtitel: Sentreer

Gebrek aan beheer oor die gebruik van middels

Voeg 'n voetskrif op AL die skyfies in:
VRAAG 5 en Eksamennommer

SKYFIE 2: *TITLE AND CONTENT SLIDE*

Titel: Lettertipe: Century Gothic, grootte 44

Titel: Bokas, onderstreep

FISIESE TEKENS

Voeg 'n genommerde lys in kursief

1. *Verandering in slaappatroon*
2. *Voel bewerig of siek as jy probeer ophou*
3. *Moet meer van die middel neem om dieselfde gevoel te ervaar*
4. *Verandering in eetpatroon, wat 'n toename in gewig of gewigsverlies insluit*
5. *Verandering in gewoontes oor higiëne en netheid*

Kopiereg voorbehou

SKYFIE 3: *COMPARISON SLIDE*

ALGEMENE DWELMS

Linkerkolom: Voeg nommering in, vetdruk

Regterkolom: Voeg kolpunte in, onderstreep frases

TIPE DWELM	UITWERKINGS
1. **Alkohol**	❖ Korttermyn-invloede: sleeptong, verwarring, geheueprobleme, konsentrasieprobleme ❖ Langtermyn-invloede: verslawing/alkoholisme, gesondheidsprobleme, verhoogde risiko vir sekere kankers
2. **Kokaïen**	❖ Korttermyn-invloede: Vernoude bloedvate, verhoogde hartklop en bloeddruk, hoofpyn ❖ Langtermyn-invloede: Verlies van reuksin, neus bloei, skade aan die neus en probleme om te sluk
3. **Marijuana**	❖ Korttermyn-invloede: Vertraagde reaksietyd; probleme met balans en koördinasie ❖ Langtermyn-invloede: Probleme met geestesgesondheid, chroniese hoes, gereelde longinfeksie

TOTAAL AFDELING C: 25
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou